# Privaatskool Elnatan

*Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.*

## BELEIDSDOKUMENT: AH08

## VOORKOMS EN GEDRAG VAN LEERLINGE

| Direksie- / Bestuurslid | Naam en van: | Handtekening van aftekenaar: |
|---|---|---|
| **Voorsitter:** | Hannes Thorburn | |
| **Ondervoorsitter:** | Louisa Campbell | |
| **Skoolhoof:** | Tinus Botma | |
| **Adjunkhoof:** | Johan Adriaanse | |

| | | |
|---|---|---|
| **Datum goedgekeur:** | Augustus 2019 | |
| **Goedgekeur deur:** | DIREKSIE / BESTUURSPAN | |
| **Hersieningsdatum:** | Augustus 2020 | |
| **Hersien deur:** | BESTUURSPAN | |
| **Uitgawe:** | 1ste | |
| **Verantwoordelike persoon:** | ADJUNKHOOF | |

## 1. VOORKOMS VAN DOGTERS

### 1.1 Hare

- Hare moet ten alle tye skoon en netjies vasgemaak wees.
- Kuiwe mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Swart of vlootblou rekkies moet gebruik word.
- Nekhare mag nie aan die skoolhemp se kraag raak nie.
- Geen gekleurde, gegolfde of hare met jel in is toelaatbaar nie.
- Swart, silwer of bruin haarknippies word toegelaat.
- Swart of vlootblou haarbande word toegelaat.
- Geen slierte is toelaatbaar nie.
- Skewe poniesterte sonder slierte is aanvaarbaar.
- Netjiese bollas is aanvaarbaar, maar waak teen slierte en groot haarknippe.
- Vermy nuwerwetse haarstyle wat nie by skoolgaande leerders pas nie.

### 1.2 Juwele

- Klein goue of silwer oorbelletjies in die vorm van ‘n knoppie of ringetjie ±4mm mag gedra word. Klein pêreloorkrabbetjies ±4mm word wel toegelaat, maar geen gekleurde steentjies word toegelaat nie.
- Slegs EEN oorbel in die onderste gaatjie van die oorlel is aanvaarbaar. Geen ander knoppies of ringe word op enige ander plek toegelaat nie.
- Geen sierhorlosies wat meer as ‘n bykomstigheid gedra word as wat dit ‘n funksionele doel het, word toegelaat nie.
- Geen grimering, onderlaag of naellak mag saam met die skooluniform gedra word nie.
- Kort, skoon naels is ’n vereiste.
- Geen deursigtige onderklere gedra mag word nie.
- Tydens verjaarsdae of siviele dae mag geen lintbloesies of stywe broeke, wat die liggaam beklemtoon, aangetrek word vir skool nie. Geen verleidelike, ontblote liggaamsdele is toelaatbaar nie.
- Tatoeëring mag nie sigbaar wees nie.

## 1.3 Skooldrag

### Somerdrag: Graad 1 – 12

- Grys romp waarvan die lengte betaamlik is.
- Ligblou of wit hemp met skoolwapen (ingesteek).
- Grys sokkies

### Wintersdrag: Graad 1 – 7

- Grys langbroek.
- Hemp: ligblou hemp met skoolwapen (ingesteek).
- Vlootblou trui.
- Vlootblou warm baadjie met skoolwapen.
- Oranje serp (opsioneel).

### Wintersdrag: Graad 8 – 12

- Hemp: ligblou hemp met skoolwapen (ingesteek).
- Grys romp of grys langbroek.
- Grys kouse of vlootblou “tights” vir Graad 8 -11. Graad 12 mag vlootblou sykouse dra.
- Swart skoolskoene.
- Vlootblou trui.
- Vlootblou baadjie met skoolwapen.
- Das met skoolwapen.
- Oranje serp (opsioneel).

## 2. VOORKOMS VAN SEUNS

### 2.1 Hare

- Hare moet ten alle tye netjies vertoon.
- Hare moet kort om die ore en kort in die nek wees.
- Geen gekleurde hare of skeer van modegiere word toegelaat nie.
- Geen wangbaarde, stoppelbaarde of vol baarde is aanvaarbaar nie.

### 2.2 Skooldrag

**Somersdrag: Graad 1 – 12**

- Ligblou hemp met skoolwapen.
- Grys broek: lank of kort (Langbroek verpligtend by saalopeninge).
- Grys sokkies met blou en wit strepe.
- Swart skoene met veters. geen gespes of aanglipskoene nie.
- Graad 1 – 7 mag sonder skoene skooltoe kom, maar moet skoene aan hê vir saalbyeenkomste.
- Pette van Graad 8 – 12 is verpligtend tydens saalbyeenkomste.

**Wintersdrag: Graad 1 – 7**

- Grys langbroek met swart lyfband
- Hemp: lang- of kortmou ligblou hemp met skoolwapen
- Swart skoolskoene
- Grys sokkies met blou en wit strepe
- Vlootblou trui
- Vlootblou warm baadjie met wapen
- Oranje serpe (opsioneel)

**Wintersdrag: Graad 8 – 12**

- Grys langbroek met swart lyfband
- Hemp: lang- of kortmou ligblou hemp met skoolwapen
- Grys sokkies met blou en wit strepe
- Swart skoolskoene
- Vlootblou trui
- Vlootblou baadjie met wapen

- Das met wapen
- Oranje serpe (opsioneel)

### 2.3 Juwele

- Slegs funksionele horlosies mag gedra word.
- Geen ander juweliersware mag gedra word nie.
- Geen ander versiersels (oorringe/tongringe) of van watter aard ook al mag gedra word nie.
- Geen tatoeëring mag sigbaar wees nie.

## 3. GEDRAG

Daar word van elke leerling verwag om:

- die beginsels waarop die skool gevestig is ten alle tye uit te leef en ‘n voorbeeld te wees vir hul mede-skoliere.
- die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- bedagsaam te wees teenoor minderes.
- respek te betoon aan meerderes en onderwysers.
- die eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- pligsgetrou akademiese opdragte uit te voer.
- om billike opdragte buite akademiese verband na die beste van sy vermoë, uit te voer.
- die skool op ‘n waardige wyse verteenwoordig op amptelike en nie-amptelike vlak.